

## Chris Jones\*

[Menseregtedag](#), wat jaarliks op 21 Maart gevier word, is 'n belangrike gebeurtenis op ons nasionale almanak, aangesien dit ons aan ons kosbare menseregte en die prys wat daarvoor betaal is, herinner.

As deel van vanjaar se vieringe wil ek graag hier aanhaak by die basiese reg op vryheid van uitdrukking soos vervat in Artikel 16 van ons [Grondwet](#). Ek wil daarop wys dat niemand moet wegstroom van robuuste gesprekke in 'n lewendige en aktiewe openbare omgewing nie, maar dit moet binne die raamwerk van verantwoordelikheid geskied ten einde ons land te bou en te ontwikkel.

Die reg op vryheid van uitdrukking laat ons toe om ons kommer uit te spreek oor die skending van só baie Suid-Afrikaners se basiese menseregte. Dit is veilig om te sê dat sonder die reg om onself vrylik uit te druk, sal baie van hierdie skendings ongesiens verbygaan.

## Stel jouself oop

Ek het onlangs aan die gepeins van Christof Heyns, 'n voormalige regsprofessor aan die Universiteit van Pretoria, gedink wat in Maart 2011 in "[PULP Fictions: A Space for Dialogue](#)" verskyn het.

Heyns vertel die storie van 'n veraf land waar die regeerder baie vir sy mense omgee het. Hulle kon lees en skryf wat hulle wou; hulle kon musiek maak en in die strate dans. Daar was kunsgalerye en pragtige ou geboue. Mense kon hulself op verskeie maniere uitdruk.

Ten slotte ...

Dit is hierdie reg van vryheid van uitdrukking – een van die boustene van 'n [demokratiese samelewing](#) – wat mense uitdaag om voortdurend nie net die behoefte aan en die waarde van vryheid van uitdrukking te beding nie, maar ook die moontlike uitwerking en gevolge daarvan.

Vryheid van uitdrukking eis 'n ruimte waar al die spannings 'n plek kan vind vir gemaklike, maar ook verantwoordelike uitdrukking. Dit is hoe 'n mens 'n verenigde Suid-Afrika bou wat sy plek in die familie van [nasies](#) kan inneem.

- Klik [hier](#) om die res van die geplaaide artikel te lees.

*\*Dr Chris Jones staan aan die hoof van die Eenheid vir Morele Leierskap in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch.*